Fokus: Maria en Marta leef binne ons. Hul (soos ons) leef ook met Jesus in die middel van hul bestaan

Funksie: Vind die balans tussen die wees (Tyd met God) en die doen (Tyd vir God) funksies.

Een van die goed waarmee ek gereeld sukkel, is die keuse van waarmee moet ek nou regtig besig wees. Wat is nou die belangrike ding wat ek moet doen. Hoe is ek ten volle hier teenwoordig.

Dit gaan eintlik oor tydsberekening. Waarmee moet ek nou eintlik besig wees. Wat is nou die belangrikste ding. Maar die belangrikste ding is nie vir ons almal noodwendig dieselfde nie.

Dit laat my dink aan ‘n gedagte wat ek lank terug vir die eerste keer gehoor het:

- ‘n Gebreekte horlosie is twee maal op ‘n dag reg.

Die horlosie kan glad nie werk nie, maar op 2 geleenthede gaan dit vir jou presies die regte tyd wys. So dikwels sien ek in my lewe mense wat ek dink, wat op dees aarde is jy mee besig. Hoe kom jy tot by daardie besluit? Hoekom spandeer jy soveel tyd aan daardie projek. En dan dink ek net weer aan daardie persoon se leef wêreld. In hulle eie manier is hul ook een of twee keer per dag reg. Ek dink die uitdaging is dat t.s.v. frustrasie, ons steeds sag met mekaar sal werk.

Gebed: Vader ons spandeer vanoggend tyd met U. Tyd wat ons vir iets anders kon gebruik, maar ons is nou hier. Here help ons om in hierdie tyd, bietjie te vergeet van onsself en te fokus op U teenwoordigheid. Want op ons eie kan ons nie heeltemal staatmaak nie. Op ander mense kan ons ook nie heeltemal staat maak nie. Ons kan net op U staat maak. U wat ons help as ons horlosies gaan staan, as ons tyd mors, as ons fokus verkeerd is, as ons tyd verkeerd spandeer. Amen

Ek lees vandag uit Lukas 10. Ons lees vanaf vers 39. Net voordat ons lees wil ek julle bewus maak, dat hierdie die gedeelte is wat volg op die verhaal van die Barmhartige Samaritaan. Die barmhartige Samaritaan verhaal ontstaan nadat een van Jesus se dissipels vir hom gevra het wie is my naaste. En die teks net na hierdie een, is waar Jesus (met Lukas se weergawe) vir sy Dissipels leer hoe om te bid (Die Onse Vader gebed).

Maar vir vanoggend lees ons Lukas 10: 39-42

38. Op hulle reis het Jesus in 'n dorp gekom waar 'n vrou, Marta, Hom as gas ontvang het.
39. Sy het 'n suster gehad, Maria, wat aan die voete van die Here gaan sit en na sy woorde geluister het.
40. Maar Marta was baie bedrywig om alles klaar te maak. Sy kom toe daar staan en sê: "Here, hinder dit U nie dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê sy moet my kom help!"
41. Maar die Here antwoord haar: "Marta, Marta, jy is besorg en bekommerd oor baie dinge,
42. maar net een ding is nodig. Maria het die beste deel gekies, en dit sal nie van haar weggeneem word nie."

Wie het iemand in hulle lewe wat radikaal van hulle verskil? Ons almal verskil. Ons verskil in persoonlikhede en ons verskil in belangstelling. Sommige van ons is, taak georiënteerd en ander weer mens georiënteerd. Ons elkeen is elke dag albei van die goed. Sommige situasies vereis meer as dit? Maar ek wonder sommer in julle huis wie is wie?

Wie is die een wat vir ure sal gesels, en vergeet om die ketel aan te sit? En wie sal heeltyd kombuis toe hardloop en vir die gaste hierdie aandra en hierdie aandra?

Wie is baie bewus van die horlosie? Hul weet presies dit is nou 09:35- daar is nog so 25-minute oor dan gaan ons huis toe gaan. En wie vergeet van tyd. Wie sal om verskoning vra as hul 2-minute laat is vir ‘n vergadering, en wie sal nog buite staan en gesels, want die gesprek is belangriker as dit tyd.

So lees ons hierdie week van die 2 susters. Marta en Maria. Ook 2 sussies wat verskil van mekaar, maar dit is nie al waar ons van hulle lees nie.

Wanneer ons op ‘n ander plek van Maria en Marta in die Bybel lees, dan is dit by hul broer Lasarus se graf in Johannes 11. Ons lees dat Jesus die susters en hul broer Lasarus liefgehad het. Ons lees hoe Marta, toe sy Jesus sien, na hom toe gehardloop het, Maria het gekies om by die huis te bly. Dit is die aangrypende verhaal waar ons lees dat Jesus ook gehuil het. Jesus wat ook saam met ons hartseer is. Saam met ons treur…

Maar hier in Lukas 10 lees ons ‘n ander verhaal. Jesus kom by die sussies aan huis, en die twee sussies het heeltemal uiteenlopende reaksies daarop.:

Ek het hier twee beelde saamgebring. ‘n Skinkbord (dien) en ‘n stoel (Luister). Twee verskillende objekte wat verskillende funksies benut word. Die skinkbord simboliseer Marta en die stoel Maria….

| | |
|---|---|
| Maria | Marta |
| Sit | Staan |
| Luister | Sorg/ Loop |
| Dink | Doen |
| Passief | Aktief |
| Leer | Gasvry |
| Warm | Koud |
| Lui | Fluks |
| Goed | Sleg |
| Worry about relationships | Worry about responsibilities |
| Don’t like being told what to do | Bossy |
| Neem graag vakansies | Sukkel om af te skakel en te rus |
| Words of Affirmation/ Quality time | Acts of Service/ Gifts |

So kom Jesus aan huis by die sussies- en daar is verskillende reaksies op sy besoek….

Want hoe meer Maria besig is om te luister- hoe meer pla dit haar dat haar Suster heeltyd hier agter haar op en af besig is om te beweeg… En Maria sal dalk dink. Ag Suster SIT net stil… Jy maak my moeg… Kom sit. Jy mis uit…

En hoe meer Marta besig is om goed te doen- die koppies reg te pak, die borde skoon te maak, die vloer te vee, kyk of daar genoeg kussing is- hoe meer pla dit haar dat haar sussie net so sit en niks doen… En Marta sal dalk dink. Ag Suster doen net iets… kom weg daar.. kom help uit… kom bied aan om iets te doen… Ons lees hoe Marta dan sê sy voel ALLEEN. Want jy voel dikwels so as jy in ‘n omgewing is waar mense rondom jou anders dink en doen.

Jy mag dalk wonder- wie is nou reg en wie in die verhaal is nou verkeerd? Is Maria reg, want sy sit aan Jesus se voete? In daardie tyd was die vrou se plek in die kombuis. Jesus het meestal met mans uitgehang- manlike dissipels gehad- en mans het aan sy voete gesit. Dit wat Maria doen gaan teen die status Quo…. En dan gaan Marta en gaan kla by Jesus. Mens doen nie dit nie. Jy kla by jou vriendinne in die kombuis, jy bly stil, jy sluk dit- maar jy sê nie vir die Rabbi, jou gasheer- kyk wat doen my suster- sy sit net daar- sy doen dan niks nie?

So ek wonder steeds watter sussie is reg? …

Beide is Jesus se vriende.

Vriende- Familie, ek dink Marta en Maria leef elke dag in elkeen van ons lewe….Albei besig met HULLE WAY!!! MY WAY…

En So leef ons ook elkeen:

Want soms is ons by Jesus se voete…. Ons begin die dag deur te lees, deur te bid. Ons is by die kerk. Ons Praise in Worship, ons is in totale vervoering. Ons lewe naby ons PA… Niks of niemand kan ons nou van hierdie oomblik af wegvat nie… Die gevaar is egter, as ons net daar bly. As geloof net 'n gesprek, 'n kerk, 'n binnekamer ding bly…

En Soms is ons aan die werk. Vir Jesus en vir ander. Ons is besig. Ons dink hoe besiger ons is, hoe meer waardevol is ons vir die samelewing. Hoe Groter is die verskil wat ons maak. Dit maak nie saak wat ons afskeep, of wie n ons pad staan nie- ons kan en ons mag nie ophou vorentoe beweeg nie. Die gevaar is egter, as ons net heeltyd besig is. As geloof net aksie is, die buitekamer is, wat nie gebou is op genoeg tyd aan ons eie fondasie nie. Ons verloor dikwels fokus deur besig te bly.

DIe gevaar sal ook wees as Maria soos Marta probeer wees, en Marta soos Maria.

DIe gevaar is dat ons baie keer die een te veel, ten koste van die ander een afskeep. Die gevaar is dat ons baie keer uitsprake maak oor ander se lewe, maar ons sien net vir Martas (die doen funksies) raak- maar nie die Marias nie. Hoe hul Bid.

Maria en Marta leef in ons elkeen se lewe….. Marta doen goed vir Jesus, Maria doen goed met Jesus. Ons elkeen is "human beings"- maar ook human doings. Ons elkeen het die Wees funksie (Maria) maar ook die doen funksie (Marta) Ons word geken aan Wie/Wat ons is, maar ook aan wie/wat ons doen….

Die geheim van die lewe- is om genoeg agting te gee aan die Maria en die Marta in ons elkeen se lewe….Albei leef in ons.. ALBEI is belangrik…

(Jesus se woorde)

Maar daar is nog 'n karakter in die verhaal. Tussen die twee dames vind ons Jesus.

En ons lees in die teks op antwoord op Marta se vraag:

41. Maar die Here antwoord haar: "Marta, Marta, jy is besorg en bekommerd oor baie dinge,
42. maar net een ding is nodig. Maria het die beste deel gekies, en dit sal nie van haar weggeneem word nie."

En dit is belangrik ok hier na 2 spesifieke woorde te kyk:

- Bekommerd oor baie dinge
- Die beste deel

(Bekommerd oor baie dinge)

Maar Marta was baie bedrywig. Grieks. Maar Marta was bekommerd oor die baie bedieninge. Die Griekse woord is Periespato: to draw from those around you. Om in verskillende rigtings getrek te word (Nie net een regte rigting nie)

Om nie gefokus te wees nie.

Om nie te fokus op dit waarop jy moet fokus nie.

Om cloudy headed, deurmekaar, verward, onseker voor of oor te kom.

Wat vir Marta sê: Jy is besorg en bekommerd oor baie dinge (Jy is die doener), maar Maria het het die beste deel gekies.

(Die beste deel gekies)

Ons kan dalk dink, wat is nou juis die beste deel. Wat is nou juis belangrik. Ek dink Marta mis die beste deel, want Jesus Christus kuier in haar huis (hoe ongelooflik is dit nie), maar sy is in die kombuis besig. Sy mis uit op sy direkte teenwoordigheid.

Marta is so besig met die dinge van die Here, dat sy dalk die Here van die dinge mis.

Ons kan soos Marta so besig wees met ons take, dat ons God se teenwoordigheid mis.

Geloof gaan oor hoe is ons teenwoordig vir sy teenwoordigheid. En ek vermoed Marta kry dit verkeerd tydens hierdie geleentheid.

Die vraag is steeds- hoe lyk hierdie "BESTE DEEL" vir my en vir jou?

Ons lees dat die beste deel nie vanaf Maria af sal weggeneem word nie. Want eintlik begin alles by Jesus se Voete…Ek dink nie Jesus is hier besig om kant te kies nie. Ek dink nie hy het 'n favourite nie. Ek dink hy is ewe lief vir albei.

Jesus staan ook in die middel van my en jou lewe. Jesus kies om na hierdie twee vroue te gaan. En hy kies die goeie. Kies die goeie deur genoeg tyd aan my voete te spandeer. Kies die goeie deur genoeg te doen vir my en vir ander… Ek het Maria en Marta lief. Ek bly staan in die middel van jou lewe. Ek bly jou HERDER.

Find the being in the doing. Om teenwoordig te wees vir sy teenwoordigheid.

En ons teenwoordigheid op plekke (in die kombuis), aan mense se tafels, aan sy voete- word ook die getuienis van God se teenwoordigheid in en deur mense se lewens.

Dit laat my dink aan die gedagte wat ek noudie dag gelees het:

*At the end of this day, the world will either be a more or less kind, compassionate and loving place because of your presence. Your move…*